



GEMEENTEBULLETIN

VERSORG • TOEGERUS • GESTUUR

TUINEDAL
huisgesin van God



Welkom by vandag se erediens

10 Februarie '19
09:00

Biddag vir opvoeding
en onderwys

Jak 5:16

Ds Cor en ds Pieter

Gebedserediens

Kleuters tot graad 6 – ná kindertyd na hulle klasse.
Graad 7-10 – tydens kollekte na die konsistorie.

AS HUISGESIN VAN GOD...

... WIL TUINEDAL 'N VEILIGE RUIMTE WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT EER VAN GOD.



**“Die gebed
van ‘n
gelowige
het ‘n
kragtige
uitwerking.”**

Jakobus 5:16



KONTAK MY ASB

VUL IN, SKEUR AF EN PLAAS IN KOLLEKTEBORDJIE

NAAM EN VAN _____

TEL _____ E-POS _____

NUWE INTREKKER

BESTAANDE LIDMAAT

DAGBOEK DIE DATUMS

MA 11 FEB

18:00 Dankfeeskomiteevergadering

WO 13 FEB

18:30 Bestuurskomiteevergadering

VRY 15 FEB

18:00 Gemeentekuier

WO 20 FEB

18:30 Wykswerkersvergadering

SO 24 FEB


9:00 Nagmaal

Alpha Wat is die
DOEL van
die **LEWE** ...

NGK George-Bergsig Jeuglokaal

12 Feb-21 Mei 18:30-20:15

12 sessies Dinsdae + Alpha Saterdag
Ete, DVD & kleingroep besprekings
asook kinderbediening / oppasdiens
Etes ingesluit. Gratis



Dankfees!

Is jy dankbaar?

Wil jy van
jouself gee?
Kom help op
die aand van
die Dankfees
by 'n tafel. Bel
vir Betsie en
gee jou naam
op! 0448734383

Dan 4:3

“Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, sy heerskappy duur van geslag tot geslag.”

“Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink...”




- Efesiërs 3:20

KUIERTYD 15 FEBRUARIE

Tuinedal verjaar en ons is almal daar. Ons gaan kuier en baljaar! Vrydag 15 Feb om 18:00 vir slegs R30 kry jy nog 'n heerlike ete daarmee saam.

HELP VERF DIE KLIMRAAM

Ons wil graag die klimraam verf en kort ±R1000 om dit te doen. Indien jy dalk wil bydra of weet van iemand wat kan verf skenk, laat weet asseblief die kerkkantoor.



Deuroffer

Die deuroffer op 3/2 was R928 vir Gemeentebediening (sinodaal), **baie dankie!** Deurkollekte vandag: Laerskool George Suid VCSV

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Dinsdag 12 Feb

Lida Small 0723545247 Bos2

Jaco Williams 0826770559 PA1

Donderdag 14 Feb

Christal Human 0723123465 PA1

Vrydag 15 Feb

Kevin van Niekerk 0828417673 PA2

Saterdag 16 Feb

Gerhard Conradie 0827324950 GS1

DANKFEES BASAAR

Borg 'n skaap!
(Dis die regte ding om te doen...)
Ons soek na mense wat 'n skaap teen R1000 sal borg vir die vleistafel by die Dankfees basaar. **Ons kort nog net 3 borge.**

Ons is ook nie vol fiemies nie, dus as jy 'n bees of 'n vark of dalk hoenders het om te skenk, sal ons nie nee dankie sê nie!

ROOIBOOTJIE KLEUTERSKOOLO

Wonder jy dalk waar jy 'n verskil kan maak?
Hier's 'n eenvoudige manier om betrokke te raak!
Bring enige skryfbehoeftes na die kerkkantoor toe.
Dit word aan die Rooibootjie Kleuterskool geskenk.
Komaan! Maak 'n verskil!

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765



VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

HIERDIE WEEK DOEN ONS VOORBIDDING VIR...

- ...blyplek vir 1 gesin wat 'n tweeslaapkamer plek soek om in te bly.
- ...'n **werk**, waarmee ons 'n inkomste kan ontvang. Ons dank Hom dat Hy ons wysheid gee om dit reg te kan bespaar, bestee en vir Sy werk te gebruik.
- ...die **pastoriegesin**. Ons bid spesifiek vir ds Pieter met sy sigprobleem, wat vir hom en die hele gesin, uitdagend is. Ons bid vir krag, geduld en heling.
- ...elke mens wat jou pad kruis. Vir **kontak** wat ons met **mekaar** het, elke dag. Vir nuwe mense wat deel word van ons huisgesin en op die leë sitplekke in die kerk kom sit. Vir die manier hoe ons *vir mekaar sorg*.
- ...soveel huise waar daar **geestelike**, maar spesifiek ook **finansiële nood** is. Bid dat hulle nie hoop sal verloor of Jesus se hand mis sal kyk in die alledaagse nie. Help waar jy kan en kom ons *dra mekaar*.
- ...mense met **goeie harte**. Ons is dankbaar vir mense, gesinslede van Tuinedal, wat liefde elke dag *leef en doen*.
- ...en 'n dankgebed vir lewe in oorvloed en genade sonder einde.
- ...**godsdienstvryheid**. Vir die voorreg om 'n Bybel, in verskillende vertalings te hê, in ons eie huistaal.
- ...ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in Sjina; Stefan en Carina in Japan. Elmar en Nadine wat oppad Japan toe is einde Maart.
- ...ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk, Hans en Patricia vir Wycliffe & EJ en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

AS ONS VIR JOU OF IEMAND KAN BID, STEL ASB DIE KANTOOR IN KENNIS...
ONS DOEN DIT GRAAG.

Ons gemeentelede wat onlangs iemand aan die dood afgestaan het. Ons bid vir die gesin van **Hennie Botha** (wat in ons noodvoedingskema was) wat afgesterwe het verlede week.

Siekes in ons gemeente: **Tania Nel** (Geweldige pyn), **Ds Pieter** (oog), **Sakkie van der Bank** (kanker, erg verswak) en **Irene Pietersen** (siek) almal met griep en almal wat herstel na kankerbehandeling.

Tydens die gebedsgeleentheid word spesiaal aandag gegee aan hierdie versoeke. Stuur 'n Whatsapp aan die Kerkkantoor by 0614703626 en raak deel van hierdie kosbare bediening.